NUFARM MCPA

Reg. No. L1404 Act /Wet No. 36 of/van 1947

READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

A hormone herbicide formulated as a soluble concentrate, for the control of certain annual weeds in apples, cereals, grain sorghum, grapevines, grass pastures, lawns, maize, peaches, pears, potatoes and sugarcane.	**'n Hormoononkruiddoder geformuleer as 'n wateroplosbare konsentraat, vir die beheer van sekere eenjarige onkruide in aartappels, appels, graansorghum, grasweidings, grasperke, kleingraan, mielies, pere, perskes, suikerriet en wingerde.**

GROUP	4	HERBICIDES



DANGER

Hazard Statements:
Harmful if swallowed.
Causes serious eye irritation.
Very toxic to aquatic life with long-lasting effects.

Precautionary Statements:
Avoid release to the environment.
Wear eye protection, face protection, protective clothing, protective gloves.
IF SWALLOWED: Get medical help
IF IN EYES: Immediately rinse with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.

Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel
MCPA (phenoxy compound)…....400 g/ℓ ……MCPA (fenoksie-verbinding)
(potassium salt) (kaliumsout)

Net …….. ℓ……...Netto

Registration Holder / Registrasiehouer
NUFARM AGRICULTURE (PTY) LTD.
(Co. Reg. No. 94/06588/07)
6 Eldo Close
Eldo Park
Eldoraigne
0157, SOUTH AFRICA
Tel: 012 658 5869
Website/Webblad: www.nufarm.com/africa

Batch No………………………….. …..…………………………..Lot Nr.
Date of Manufacture…………..…. ……….Datum van vervaardiging

UN No. / VN Nr.: 3082
Emergency No. / Nood Nr. Griffon Poison Information Centre : +27-82-446-8946

NUFARM MCPA

Reg. No. L1404 Act/Wet No. 36 of/van 1947
HRAC HERBICIDE GROUP CODE / HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE: 4

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:
MCPA (phenoxy compound)/ MCPA (fenoksie-verbinding)………………….. 400 g/ℓ

Registration holder / Registrasiehouer:
Nufarm Agriculture (Pty) Ltd
P.O. Box 930200
Eldo Park
0166
SOUTH AFRICA
Tel: 012 658 5869
Website/Webblad: www.nufarm.com/africa

WARNINGS

- Harmful if swallowed.
- Causes serious eye irritation.
- Very toxic to aquatic life with long-lasting effects.

- Pre-Harvest Interval (PHI): Allow 7 days between last application and harvesting or grazing of treated areas.
- Handle with care.
- Store in a cool place away from food, feed, seed and other agricultural remedies.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **RE-ENTRY INTERVAL**: Do not enter treated area within one day after treatment unless wearing protective clothing.
- **AERIAL APPLICATION WARNING:** Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although **NUFARM MCPA** has been tested on most important cultivars and no significant phytotoxicity in the form of yield reduction has been recorded under normal growing conditions, this does not mean that a more sensitive cultivar might not be commercialised in the future. Where a new cultivar is encountered, large areas should not be sprayed without prior testing of **NUFARM MCPA** on that cultivar.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Wash hands thoroughly after handling.
- Avoid release to the environment.
- Wear eye protection, face protection, protective clothing, protective gloves.
- IF SWALLOWED: Get medical help
- IF IN EYES: Immediately rinse with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.
- Dispose of contents/container to hazardous or special waste collection point, in accordance with local, regional, national and/or international regulation.

- Do not breathe spray mist.
- Wash contaminated clothing daily.
- Wash with soap and water after use or skin contact.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face and changing clothes.
- Prevent contamination of food, eating utensils, feed and drinking water.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and other areas not under treatment.
- Clean applicator with a household ammonia solution (1 %) before using with other agricultural remedies.

Let solution stand for several hours, preferably overnight. Rinse at least twice. This applicator should not be used for applying chemicals other than herbicides.

- Dispose of wash water where it will not contaminate food, grazing, rivers or dams.
- **TRIPLE RINSE** empty containers in the following manner: Invert over the spray or mixing tank and allow draining for at least 30 seconds until flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 30 % of that of the container. Add the rinsing to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy empty container by perforation and recycle according to country regulations. **Never re-use container for any other purpose**.

RELEVANT SUBSTANCES

Name	CAS no.	Hazards identification	%
(4-CHLORO-2-METHYLPHENOXY) ACETIC ACID, Potassium salt substance	5221-16-9	Acute Tox. 4 (Oral), H302 Aquatic Acute 1, H400 Aquatic Chronic 1, H410	40.3 %

FIRST AID

- After inhalation: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing.
- After skin contact: Remove contaminated clothing. Drench affected area with water for at least 15 minutes. Call a physician immediately.
- After eye contact: Rinse cautiously with water for several minutes. If eye irritation persists: Get medical advice/attention
- After ingestion: Rinse mouth. Call a poison center or a doctor if you feel unwell. Do not induce vomiting. Give 500 ml water to drink.
- Emergency eye wash fountains and safety showers should be available in the immediate vicinity of any potential exposure.
- **Information for doctor:**
- No specific antidote. Treat symptomatically.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **NUFARM MCPA** is a group code 4 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **NUFARM MCPA** and other group code 4 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **NUFARM MCPA** or any other group code 4 herbicides.

Since the presence of resistant weeds is difficult to detect prior to herbicide application, it is of the utmost importance that treated areas be inspected at regular intervals to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously. NUFARM AGRICULTURE (Pty) Ltd will not accept liability for performance failures in the event of a build-up of resistant weeds resulting from inadequate resistance management practices as indicated on the label.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact your local distributor representative.

MODE OF ACTION

NUFARM MCPA is a selective, systemic hormone-type herbicide that is absorbed by the leaves and roots with translocation to the rest of the plant. It belongs to the synthetic auxin group of herbicides and concentrates in meristematic areas of the plant where it inhibits growth.

USE RESTRICTIONS

To prevent damage, do not permit drift, vapour or spray mist to come into contact with sensitive broadleaf crops, fruit or ornamentals, as well as grain varieties in a susceptible growth stage. Apply the product strictly in accordance with the application directions. May be applied by air, tractor or knapsack sprayers on lands in the vicinity of susceptible crops, provided that strict precautions are

taken to avoid spray drift. Consult the supplier in case of any uncertainty in this regard.

THE WIND SPEED AND DIRECTION AT THE TIME OF APPLICATION WILL DETERMINE THE DISTANCE WHICH MUST SEPARATE THE CLOSEST EDGE OF THE AREA TO BE SPRAYED FROM SUSCEPTIBLE CROPS.

WIND SPEED km/h	AERIAL APPLICATION	GROUND APPLICATION
1,5 - 5	800 m downwind 800 m crosswind 15 m upwind	200 m downwind 200 m crosswind 6 m upwind
5 - 10	1.6 km downwind 800 m crosswind 15 m upwind	400 m downwind 200 m crosswind 1.5 m upwind
10 - 15	3.2 km downwind 800 m crosswind 15 m upwind	800 m downwind 400 m crosswind 1.5 m upwind
ABOVE 15	Prohibited	Prohibited

DIRECTIONS FOR USE
(USE ONLY AS DIRECTED)

COMPATIBILITY:
Compatibility studies have been conducted with **NUFARM MCPA** in combination with each ONE of the remedies listed below (unless otherwise specified in this label):

AS VARIATIONS MAY EXIST BETWEEN FORMULATIONS OF PRODUCTS CONTAINING THE SAME ACTIVE INGREDIENTS, THE TRADE NAMES AND REGISTRATION NUMBERS OF THE TESTED PRODUCTS ARE SHOWN. DO NOT MIX **NUFARM MCPA** WITH ANY OTHER PRODUCTS.

With herbicides:
NUFARM MCPA is compatible with the following products: **Cossack** (L6773), **Hussar** (L6263), **NUFARM Diuron** (L4558), **Gesapax 500 SC** (L2784), **Oxytril** (L3982), **Terbo** (L3931) and the Bayer (Pty) Ltd bromoxynil 450 EC products viz. **Buctril-DS** (L3350), **Bentrol Super** (L5167), **Brominal Super** (L5168) and **Pardner Super** (L7280).

With adjuvants:
NUFARM MCPA is compatible with **Agral 90** (L2987), **Sanawett 90-940 SL** (L4678) and **Tronic** (L3685).

MIXING INSTRUCTIONS:
- It is very important that for use in sugarcane **NUFARM MCPA** should not be mixed with Diuron in a concentrated form.
- To avoid any problems, half fill the spray tank with water, add the surfactant, followed by the premixed suspension concentrate (SC), add more water and then add the **NUFARM MCPA**.
- The pH of the final spray mixture must not be lower than 7.0.
- Do not use buffering or acidifying agents to lower the pH to below 7.0.

METHOD OF APPLICATION:
- **NUFARM MCPA** must be diluted with water and applied EVENLY.
- Ensure that the application equipment is CORRECTLY CALIBRATED before use to ensure that the exact quantity of fluid is delivered per unit area.

Ground Application:
- Avoid fine droplets - use low pressure flat fan nozzles of 80° or equivalent anti-drift type and do not exceed spray pressure of 200 kPa.
- Do not exceed spray height of 50 cm above target and ground speed of 10 km/h.
- Do not apply if wind velocity exceeds 15 km/hour (as measured by handheld wind recorder approved by the Registrar: Act No. 36 of 1947).
- The difference between the wet and dry bulb readings on a whirling hygrometer must not exceed 8 °C.
- Broadcast application with ground equipment is best achieved when using not less than 200 ℓ of the mixture/ha for pre-emergence spraying and not less than 150 ℓ/ha for post-emergence spraying.

Aerial Application:
Do not apply this product by air in KwaZulu Natal.

DO NOT COMMENCE AERIAL APPLICATION BEFORE CONSULTING YOUR **NUFARM MCPA** REPRESENTATIVE.

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A minimum spray mixture volume of 35 liters per hectare is recommended. The product has not been evaluated at reduced volume rates and the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if the product is applied aerially at a lower rate than recommended above.
- Droplet coverage: 30 - 45 droplets / cm^2 must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 300 – 350 micron is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron (high drift & evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 – 4m above the target. Do not spray when aircraft is diving, climbing or when banking.
- Apply before the crop becomes to dense, thus preventing proper coverage of the weeds.
- Use suitable atomizing equipment (hydraulic nozzles or rotary atomizers) that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product through drift. The operator must use a setop that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- All the nozzles/atomizers should be positioned within the inner 60 – 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 ºC.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km per hour.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  a) reduced efficacy due to evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage),
  b) damage to other sensitive crops and/or non-target drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

Pre-emergence spraying:
Herbicide application will result in the best control of weeds if the crop is planted with sufficient moisture in the soil to ensure that a high percentage of weeds germinate immediately after planting. Planting of the crop should take place immediately after discing or harrowing the seedbed.
For best control of annual grasses the herbicide must be applied before grass seedling emergence. A period of 3 - 6 weeks weed control is generally obtained by pre-emergence application of **NUFARM MCPA**.

Post-emergence spraying:
Spraying should be carried out when the crop is in a suitable stage of development as indicated under "REMARKS". For best results, weeds should be sprayed in the young stages and when the soil is moist. Under the abovementioned conditions, rain a day after application will not reduce the efficacy of the herbicide.

APPLICATION TABLE		
CROP	**DOSAGE RATE PER HA**	**REMARKS**
APPLES, PEARS, PEACHES & VINES Western Cape only For the control of *Plantago lanceolata* and *Ipomoea coscinosperma*	5 ℓ: (Spot treatment: 170 mℓ / 15 ℓ water)	Apply in 400 to 500 ℓ water/ha as directed spray only. Take care to avoid spraying fine spray droplets which could drift. SEE ALSO NOTE BELOW. Method 1: Apply one spray on the weeds after blossom time of the crop when the fruitlets are still very small. Method 2: Apply two sprays on the weeds, the first at budburst before the crop blossoms and the second after blossom time when fruitlets are still very small. NOTE: 1. DO NOT SPRAY THE CROP. Direct the spray away from the trees. Spray only on a calm day with no wind. Do not spray if the orchards are interplanted with any row crops. Applicators must NOT be used afterwards for insecticide or fungicide sprays unless they have been THOROUGHLY cleaned. 2. For optimal results in orchards note the following: a) Do not spray immediately before or after irrigation. b) Do not spray if rain is imminent. c) Rain shortly after applications may have a negative influence on results.
GRASS PASTURES & LAWNS (ESTABLISHED)	4 – 5.25 ℓ (5 mℓ / 10 m²)	Apply after the grass has become established. For lawns, repeated applications may be necessary. Application of nitrogenous fertiliser 2 to 3 weeks prior to spraying is recommended.
GRAIN SORGHUM (Post-emergence only)	2.5 ℓ	Apply when crop is 15 cm tall or ± 3 weeks after emergence. Sprays could be applied at a later stage provided directional spraying using drop arms is practised.
MAIZE (Pre-emergence) Soil clay content: 0 - 10 % 10 - 20 % 20 - 35 % over 35 %	 3.25 ℓ 4.0 ℓ 5.25 ℓ 6.5 ℓ	Apply 5 to 6 days after planting, when land is sufficiently moist, in good tilth and before weed emergence. Heavy rainfall before crop emergence, especially on light sandy soils may leach herbicide to the seed level and cause crop damage.
(Post-emergence) Crop height of 45 cm	2.5 ℓ	N.B. Drop arms must be used after 12-leaf stage of the crop. Keep spray material from entering the funnels of the maize. Maize may become malformed and brittle after application, but this is usually of a temporary nature. Grasses which have already emerged will not be controlled.
(Post-emergence)	1.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 1.25 ℓ **Terbo**	Apply when the weeds are fully emerged but not older than the 6-leaf stage. Do not apply under cold, wet conditions and do not add foliar feeds to this mixture as this could lead to crop damage.

APPLICATION TABLE (continued)		
CROP	**DOSAGE RATE PER HA**	**REMARKS**
POTATOES (Pre-emergence only) Soil clay content: 0 - 20 % 20 - 35 % over 35 %	 3.25 ℓ 4.0 ℓ 5.25 ℓ	 If crop was dry-planted, harrow immediately after first rain and apply.
SUGARCANE **Plant and ratoon cane** (Pre-emergence)	6.25 – 8.75 ℓ	Apply in 300 to 400 ℓ water/ha as overall spray a few days after planting or harvesting and before weed emergence. The rate will be determined by the length of the period for which control is desired and on the soil type. Use the lower dosage on lighter soil types.
(Post-emergence)	6.25 – 8.75 ℓ	Apply in 300 to 400 ℓ water/ha at an early stage of weed growth. This treatment may damage the cane, but this danger can be reduced by directing spray to avoid wetting cane leaves. If the cane stands taller than 40 cm or has unfurled more than 5 leaves per shoot, directed spraying is essential or else the growth may be retarded.
	3.5 - 6 ℓ **NUFARM MCPA** plus 2.5 ℓ **NUFARM Diuron** plus 0.2% surfactant (e.g. **Tronic**)	For controlling a wider spectrum of broadleaf weeds and young grasses, as well as *Cyperus esculentus*, apply as an early post-emergence spray in 300 to 400 ℓ water/ha. Use the higher rate for severe weed infestation or less susceptible weed growth stage. In older cane damage may occur. To minimize this, spray to avoid wetting of cane leaves.
	3.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.5 ℓ **Oxytril** plus 2.5 ℓ **NUFARM Diuron**	Apply directed sprays between the cane rows when the weeds are in the following stages: Broadleaf weeds: Not more than 10 cm tall and pre-flowering. Grass weeds: From the 2- to 4-leaf stage and pre-tillering. Yellow nutsedge: Early flowering.
	3.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.5 ℓ **Oxytril** plus 4.0 – 5.0 ℓ **Gesapax 500 SC**	

APPLICATION TABLE (continued)		
CROP	**DOSAGE RATE PER HA**	**REMARKS**
WHEAT (Post-emergence only)	2 - 4 ℓ	Apply between growth stages 7 and 13, but preferably as near to stage 8 as possible (refer to the list of growth stages issued by the ARC-Small Grain Institute, Bethlehem). Consult your local distributor representative.
(Post-emergence only) **Winter Rainfall Region only** For the control of *Raphanus raphanistrum* and other weeds mentioned on **Cossack** label	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 250 - 300 g **Cossack** / ha plus a suitable wetter (as recommended on **Cossack** label)	Apply when the weeds are fully emerged, but not older than the growth stages specified on the **Cossack** label.
WHEAT & BARLEY (Post-emergence only) **Winter Rainfall Region only** For the control of *Raphanus raphanistrum* and other weeds mentioned on **Hussar** label	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 200 g **Hussar** / ha plus a suitable wetter (as recommended on **Hussar** label)	Apply when the weeds are fully emerged but not older than the growth stages specified on the **Hussar** label.
WHEAT, BARLEY & OATS (Post-emergence only)	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.75 ℓ **Buctril-DS** or other bromoxynil 450 EC (see Compatibility)	Apply when the weeds are fully emerged, but not older than the 3- to 6-leaf stage as specified on the relevant bromoxynil 450 EC label.
(Post-emergence only) **Eastern Free State only** For the control of *Polygonum aviculare*	1.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.75 ℓ **Buctril-DS** or other bromoxynil 450 EC(see Compatibility)	Apply between growth stages 7 and 13, but preferably as near to stage 8 as possible (refer to the list of growth stages issued by the ARC-Small Grain Institute, Bethlehem). Consult your local distributor representative.
BARLEY & RYE (Post-emergence only)	2 - 4 ℓ	Apply when crop is in the 5- to 7-leaf stage only.
OATS (Post-emergence only)	2 ℓ	Apply when crop is in the 5-leaf stage only. DO NOT EXCEED THE RECOMMENDED APPLICATION RATE.

WEEDS CONTROLLED BY NUFARM MCPA:

Pre- and post-emergence

Ageratum conyzoides	Invading Ageratum
Amaranthus deflexus	Perennial pigweed
A. hybridus	Common pigweed
A. spinosus	Thorny pigweed
A. thunbergii	Red pigweed
* *Arctotis leiocarpa*	Karoo daisy
A. venusta	Free State daisy
Bidens bipinnata	Spanish blackjack
B. formosa	Cosmos
B. pilosa	Blackjack
Chenopodium album	White goosefoot
Commelina benghalensis	Bengal wandering Jew
Galinsoga parviflora	Gallant soldier
Portulaca oleracea	Purslane
Raphanus raphanistrum	Wild radish
Tagetes minuta	Khaki weed
Vicia hirsuta	Tiny purple vetch

V. sativa	Broad-leaved purple vetch

* Early rosette stage

<u>Pre-emergence only</u>

Brachiaria eruciformis	Sweet signal grass
Eleusine indica	Goosegrass
** *Panicum schinzii*	Sweet buffalo grass
Setaria verticillata	Sticky bristle grass
Sorghum verticilliflorum	Common wild sorghum

** Early germinating

<u>Post-emergence only</u>

*** *Datura ferox*	Large thorn apple
*** *D. stramonium*	Thorn apple
**** *Ipomoea coscinosperma*	-
**** *Plantago lanceolata*	Narrow-leaved ribwort
Polygonum aviculare	Prostrate knotweed
Schkuhria pinnata	Dwarf marigold
Sonchus oleraceus	Sowthistle
Striga asiatica	Common mealie-witchweed
Tribulus terrestris	Dubbeltjie
Xanthium spinosum	Spiny cocklebur
X. strumarium	Cocklebur

*** At 2 and 3-leaf stage
**** Western Cape only

<u>NOTE</u>: **NUFARM MCPA** controls the abovementioned weed species alone, or in tank mixes with other products as indicated. Other weed species that were not present during the development trials with the product, may possibly also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for unlisted weeds.

<u>NUFARM AGRICULTURE (PTY) LTD ACKNOWLEDGES THE FOLLOWING</u>:

<u>Product</u>:	**<u>Trademark of</u>:**
Agral®, **Sanawett®**	Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd.
Gesapax®	Syngenta South Africa (Pty) Ltd.
Tronic®	Plaaskem (Pty) Ltd.

Buctril®, **Bentrol®**, **Brominal®**, **Cossack®, Hussar®, Oxytril®, Terbo®** and **Pardner®** are registered trademarks of Bayer CropScience AG, Germany

© NUFARM AGRICULTURE (Pty) Ltd. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

WAARSKUWINGS

- Skadelik indien ingesluk.
- Veroorsaak ernstige oogirritasie.
- Baie giftig vir akwatiese lewe met langdurige effek.

- Voor-oes Interval (VOI): Laat 7 dae toe tussing laaste toediening en oes of beweiding van behandelde areas.
- Hanteer versigtig.
- Berg in ’n koel plek weg van voedsel, voer, saad en ander landboumiddels.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **HERBETREDING:** Moenie behandelde gebied binne een dag na bespuiting binnegaan nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **LUGBESPUITING WAARSKUWING:** Stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die spuitnewel daarheen oorwaai nie.

Alhoewel **NUFARM MCPA** op die meeste belangrike kultivars getoets is, met geen betekenisvolle simptome van fitotoksisiteit in die vorm van oesverlagings onder normale groeitoestande nie, beteken dit nie dat ‘n meer vatbare kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar ‘n nuwe kultivar teëgekom word, moet groot areas nie behandel word voordat **NUFARM MCPA** op daardie kultivar getoets is nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruide teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ’n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Was hande deeglik na hantering.
- Verhoed vrystelling aan die omgewing.
- Dra oogbeskerming, gesigbeskerming, beskermende klere, beskermende handskoene.
- INDIEN INGESLUK: Kry mediese hulp.
- INDIEN IN OË: Spoel dadelik met water vir verskeie minute. Verwyder kontaklense indien teenwoordig en maklik om te doen. Hou aan om uit te spoel.
- Doen weg met inhoud/houer na afvalversamelingspunt vir gevaarlike of spesiale afval, in ooreenstemming met plaaslike, streek, nasionale en/of internasionale regulasies.

- Moenie die spuitnewel inasem nie.
- Was besoedelde klere daagliks.
- Was met seep en water na gebruik of velkontak.
- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk gemeng en toegedien word of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.
- Verhoed wegdrywing van spuitnewel na damme, riviere, weidings en ander gewasse of gebiede wat nie behandel word nie.
- Maak spuittoerusting met ’n huishoudelike ammoniakoplossing (1 %) skoon voordat ander plaagdoders daarmee gespuit word. Laat staan die oplossing vir ’n paar uur, verkieslik oornag. Spoel minstens tweekeer uit. Hierdie spuittoerusting behoort nie gebruik te word vir die toediening van enige ander chemikalieë, behalwe onkruiddoders nie.
- Gooi waswater weg waar dit nie voedsel, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Sodra houer leeg is moet dit **DRIEKEER UITGESPOEL** word as volg: Keer om oor spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat vloei tot ‘n gedrup verminder het. Spoel leë houer daarna driekeer uit met ‘n volume skoon water gelykstaande aan minstens 30% van die houer. Gooi spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat houer op die voorgeskrywe wyse vernietig word.
- Vernietig houer deur gate daarin te kap en herwin volgens regulasies van die land. **Moenie die houer vir enige ander doel hergebruik nie.**

RELEVANTE BESTANDDELE

Naam	CAS no.	Gevaar identifikasie	%
(4-KLORO-2-METIELFENOKSIE) ASETIESE SUUR, Kalium sout bestanddeel	5221-16-9	Akute Toks. 4 (Oraal), H302 Akwaties Akuut 1, H400 Akwaties Kronies 1, H410	40.3 %

NOODHULPBEHANDELING

- Na inaseming: Verwyder persoon na vars lug en behou gemaklik vir asemhaling.
- Na velkontak: Verwyder besoedelde klere en spoel besmette liggaamsdele onmiddellik met water vir ten minste 15 minute. Skakel onmiddelik ‘n geneesheer.
- Na oogkontak: Spoel versigtig met water vir ‘n hele paar minute. Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese advies/behandeling.
- Na inname: Spoel mond. Skakel ‘n gifsentrum of dokter indien u nie wel voel nie. Moet nie braking induseer nie. Gee 500 ml water om te drink.
- Fonteine vir die spoel van oë tydens ‘n noodgeval en veiligheidsstorte moet beskikbaar wees in die onmiddelike omgewing van enige potensiële blootstelling.
- **Inligting aan dokter:**
  Geen spesifieke teenmiddel. Behandel simptomaties.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **NUFARM MCPA** as ‘n groepkode 4 onkruiddoder geklassifiseer. Enige populasie van ‘n spesifieke onkruid mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **NUFARM MCPA**, of enige ander groepkode 4 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal moontlik nie deur **NUFARM MCPA** of enige ander groepkode 4 onkruiddoder, beheer word nie.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedende onkruide moeilik is om te bepaal voor onkruiddodertoediening plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat behandelde gebiede met gereelde intervalle ondersoek word om weerstand vroegtydig te identifiseer. **NUFARM AGRICULTURE** (Edms) Bpk. sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die onkruidpopulasie as gevolg van onvoldoende onkruidweerstandsbestuur soos aangedui op die etiket nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders in dieselfde onkruiddodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste verspreider verteenwoordiger.

WYSE VAN WERKING

NUFARM MCPA is ‘n selektiewe, sistemiese hormoontipe onkruiddoder wat deur die blare en wortels opgeneem word en na die res van die plant getranslokeer word. Dit behoort tot die sintetiese ouksien groep onkruiddoders en konsentreer in meristematiese areas van die plant waar dit groei inhibeer.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Om skade te voorkom moet verhoed word dat dampe of spuitnewel in aanraking kom met, of wegdryf na, sensitiewe breëblaargewasse, vrugtebome of sierplante, asook graansoorte in ’n gevoelige groeistadium. Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe. Kan deur middel van lug, trekker- of rugsakspuite op lande in die nabyheid van gevoelige gewasse toegedien word mits streng voorsorg teen spuitstofwegdrywing getref word. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid in hierdie verband.

DIE WINDSPOED EN WINDRIGTING TYDENS TOEDIENING SAL DIE AFSTAND TUSSEN DIE NAASTE RAND VAN DIE GEBIED WAT BESPUIT MOET WORD EN DIE GEVOELIGE GEWASSE BEPAAL.

WINDSPOED km/uur	LUGTOEDIENING	GRONDTOEDIENING
1.5 - 5	800 m windaf 800 m dwarswind 15 m windop	200 m windaf 200 m dwarswind 6 m windop
5 - 10	1.6 km windaf 800 m dwarswind 15 m windop	400 m windaf 200 m dwarswind 1.5 m windop
10 - 15	3,2 km windaf 800 m dwarswind 15 m windop	800 m windaf 400 m dwarswind 1.5 m windop
MEER AS 15	Verbode	Verbode

GEBRUIKSAANWYSINGS
(Gebruik slegs soos aangedui)

VERENIGBAARHEID:
Verenigbaarheidstudies is gedoen met **NUFARM MCPA** in kombinasie met elk van EEN van die middels hieronder gelys (tensy anders aangedui op hierdie etiket):

AANGESIEN VARIASIES MAG VOORKOM TUSSEN FORMULASIES VAN PRODUKTE WAT DIESELFDE AKTIEWE BESTANDDELE BEVAT, WORD DIE HANDELSNAME EN REGISTRASIENOMMERS VAN DIE GETOETSTE PRODUKTE HIERBY AANGEDUI. MOENIE **NUFARM MCPA** MET ENIGE ANDER PRODUKTE MENG NIE.

Met onkruiddoders:
NUFARM MCPA is verenigbaar met die volgende middels: **Cossack** (L6773), **Hussar** (L6263), **NUFARM Diuron** (L4558), **Gesapax 500 SC** (L2784), **Oxytril** (L3982), **Terbo** (L3931) en die Bayer (Edms) Bpk bromoksinil 450 EC produkte naamlik, **Buctril-DS** (L3350), **Bentrol Super** (L5167), **Brominal Super** (L5168) en **Pardner Super** (L7280).

Met bymiddels:
NUFARM MCPA is verenigbaar met **Agral 90** (L2987), **Sanawett 90-940 SL** (L4678) en **Tronic** (L3685).

MENGINSTRUKSIES:
- Dit is baie belangrik dat vir gebruik in suikerriet **NUFARM MCPA** nie met Diuron in ’n gekonsentreerde vorm gemeng word nie.
- Om enige probleme te voorkom, maak eers die spuittenk halfvol water, voeg die benattingsmiddel, gevolg deur die voorafgemengde suspensie konsentraat (SC) by, voeg weer water by en voeg dan die vloeibare **NUFARM MCPA** by.
- Die pH van die finale spuitmengsel moenie laer wees as 7.0 nie.
- Moenie buffers of versuurders gebruik om die pH tot laer as 7.0 te laat daal nie.

TOEDIENINGSMETODE:
- **NUFARM MCPA** moet met water verdun word en as ’n EGALIGE bespuiting toegedien word.
- Maak seker dat die spuitapparaat KORREK GEKALIBREER is voor gebruik sodat die regte hoeveelheid vloeistof per area toegedien word.

Grondtoediening:
- Vermy fyn druppeltjies - gebruik laedruk platwaaierspuitpunte van 80° of ekwivalente anti-wegdrywing tipe. Die spuitdruk moenie 200 kPa oorskry nie.
- ’n Spuithoogte van 50 cm bokant die teiken en ’n grondspoed van 10 km/uur moenie oorskry word nie.
- Indien die windspoed hoër is as 15 km/uur (soos bepaal deur ’n handwindmeter goedgekeur deur die Registrateur: Wet 36 van 1947) moet die produk nie toegedien word nie.
- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing soos met ’n swaaihigrometer bepaal, moenie meer as 8 °C wees nie.
- Om die beste resultate tydens breedwerpige toediening met grondtoerusting te verkry, moet minstens 200 ℓ van die mengsel/ha vir voor-opkom en minstens 150 ℓ/ha vir na-opkomsbespuiting gebruik word.

Lugtoediening:
Hierdie produk mag nie uit die lug in KwaZulu Natal toegedien word nie.

MOENIE LUGBESPUITING BEGIN VOORDAT U U **NUFARM MCPA** VERTEENWOORDIGER GESPREEK HET NIE.

Lugtoediening mag slegs deur ‘n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met ‘n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ‘n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

- Volume: ‘n Spuitmengsel volume van 35 liter per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen ‘n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte, indien hierdie produk teen ‘n laer volume as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 45 druppels / cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: ‘n Druppelspektrum met ‘n VMD van 300 - 350 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot ‘n minimum.
- Vlieghoogte: Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 - 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens ‘n duik, of terwyl dit uitklim of draai nie.
- Dien toe voordat die gewas te ruig word wat sal verhoed dat onkruide behoorlik bedek word.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk sal verseker. Die spuitstelsel moet ‘n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binneste 60 - 75 % van die vlerkspan geplaas word, om die beweging van druppels in die vlerkpuntvorteks in te beperk.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van ‘n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km per uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot die volgende aanleiding gee:
  - c) verlaagde effektiwiteit aangesien druppels as ‘n wolk in die lug bly hang en moontlik kan verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  - d) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry ‘n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in ‘n spuitlogboek saamgevat en vir toekomstige verwysing beskikbaar is.

Vooropkomsbespuiting:
Die beste resultate met onkruiddodertoediening sal verkry word indien die gewas in grond geplant word wat goed klam is sodat ’n groot persentasie van die onkruide onmiddellik na die planttyd begin ontkiem. Die gewas moet onmiddellik nadat die saadbedding geploeg of ge-eg is, geplant word.
Om eenjarige grasse doeltreffend te beheer, moet die onkruiddoder voor saailingopkoms van die grasse toegedien word. Drie tot ses weke van onkruidbeheer word algemeen verkry deur **NUFARM MCPA** voor-opkoms toe te dien.

Na-opkomsbespuiting:
Toediening moet slegs gedoen word as die gewas in 'n geskikte ontwikkelingstadium is, soos genoem onder "OPMERKINGS". Om die beste resultate te verkry, moet onkruide tydens ‘n jong stadium en wanneer die grond klam is, gespuit word. Reën, 'n dag na toediening, sal nie onder bogenoemde omstandighede die doeltreffendheid van die produk benadeel nie.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS	**DOSIS PER HA**	**OPMERKINGS**
AARTAPPELS (Slegs voor-opkom) Kleigehalte van grond: 0 - 20 % 20 - 35 % bo 35 %	3.25 ℓ 4.0 ℓ 5.25 ℓ	Indien die gewas droog geplant is, eg onmiddellik na die eerste reën en dien toe.

TOEDIENINGSTABEL (vervolg)		
GEWAS	**DOSIS PER HA**	**OPMERKINGS**
APPELS, PERE, PERSKES & WINGERDE **Slegs Wes-Kaap** Vir die beheer van *Plantago lanceolata* en *Ipomoea coscinosperma*	5 ℓ (Kolbehandeling: 170 mℓ /15 ℓ water)	Dien slegs as 'n gerigte bespuiting in 400 tot 500 ℓ water/ha toe. Tref voorsorgmaatreëls om te verhoed dat 'n fyn sproei gespuit word wat wegdrywing kan veroorsaak. SIEN OOK NOTA HIERONDER. Metode 1: Dien een bespuiting op die onkruid toe na bloeityd van die gewas wanneer die vruggies nog baie klein is. Metode 2: Dien twee bespuitings op die onkruid toe, die eerste bespuiting met groenpunt voor die bloeisels verskyn en die tweede bespuiting na bloeityd wanneer die vruggies nog baie klein is. NOTA: 1. MOENIE DIE GEWAS RAAKSPUIT NIE. Rig die spuitnewel weg van die bome. Spuit slegs op 'n stil dag wanneer daar geen wind is nie. Moenie die boorde spuit as die rye tussen die bome met gewasse beplant is nie. Spuittoerusting MOET NIE daarna vir insekdoders of swamdoders gebruik word alvorens dit DEEGLIK skoongemaak is nie. 2. Vir optimale resultate in boorde moet die volgende in ag geneem word: d) Moenie onmiddellik voor of na besproeiing spuit nie. e) Moenie spuit as reën dreig nie. f) Reën kort na bespuiting mag resultate negatief beïnvloed.
GRAANSORGHUM (Slegs na-opkoms)	2.5 ℓ	Dien toe wanneer die gewas 15 cm hoog is, of ± 3 weke na opkoms. Bespuiting kan egter in 'n later stadium toegedien word, mits gerigte bespuiting d.m.v. valarms toegepas word.
GRASWEIDINGS & GRASPERKE (GEVESTIG)	4 tot 5.25 ℓ (5 mℓ / 10 m²)	Dien toe nadat die gras gevestig is. Herhaalde toedienings mag op grasperke nodig wees. Toedienings van stikstofbevattende kunsmis 2 tot 3 weke voor bespuiting word aanbeveel.
KORING (Slegs na-opkoms)	2 - 4 ℓ	Dien toe tussen groeistadia 7 en 13, maar verkieslik so na as moontlik aan stadium 8 (volgens LNR-Kleingraaninstituut, Bethlehem se groeistadialys). Raadpleeg u plaaslike verspreider verteenwoordiger.
(Slegs na-opkoms) **Slegs Winter-reënvalgebied** Vir die beheer van *Raphanus raphanistrum* en ander onkruide soos gelys op **Cossack** etiket	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 250 - 300 g **Cossack** / ha plus ‘n geskikte benatter (soos aanbeveel op **Cossack** etiket)	Dien toe sodra die onkruid volledig ontkiem het, maar nog nie ouer is as die groeistadia wat op die **Cossack** etiket gespesifiseer is nie.

TOEDIENINGSTABEL (vervolg)		
GEWAS	**DOSIS PER HA**	**OPMERKINGS**
KORING & GARS (Slegs na-opkoms) **Slegs Winter-reënvalgebied** Vir die beheer van *Raphanus raphanistrum* en ander onkruide soos gelys op **Hussar** etiket	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 200 g **Hussar** / ha plus 'n geskikte benatter (soos aanbeveel op **Hussar** etiket)	Dien toe sodra die onkruid volledig ontkiem het, maar nog nie ouer is as die groeistadia wat op die **Hussar** etiket gespesifiseer is nie.
KORING, GARS & HAWER (Slegs na-opkoms)	0.5 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.75 ℓ **Buctril-DS** of ander bromoksinil 450 EC (sien Verenigbaarheid)	Dien toe sodra die onkruid volledig ontkiem het, maar nog nie ouer is as die 3- tot 6-blaarstadium soos gespesifiseer op die betrokke bromoksinil 450 EC etiket nie.
(Slegs na-opkoms) **Slegs Oos-Vrystaat** Vir die beheer van *Polygonum aviculare*	1.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.75 ℓ **Buctril-DS** of ander bromoksinil 450 EC (sien Verenigbaarheid)	Dien toe tussen groeistadia 7 en 13, maar verkieslik so na as moontlik aan stadium 8 (volgens LNR-Kleingraaninstituut, Bethlehem se groeistadialys). Raadpleeg u plaaslike verspreider verteenwoordiger.
GARS & ROG (Slegs na-opkoms)	2 - 4 ℓ	Dien toe slegs wanneer die gewas in die 5- tot 7-blaarstadium is.
HAWER (Slegs na-opkoms)	2 ℓ	Dien toe slegs wanneer die gewas in die 5-blaarstadium is. MOENIE DIE AANBEVOLE TOEDIENINGSHOEVEELHEID OORSKRY NIE.
MIELIES (Voor opkoms) Kleigehalte van grond) 0 – 10 % 10 – 20 % 20 – 35 % bo 35 %	 3.25 ℓ 4.0 ℓ 5.25 ℓ 6.5 ℓ	Dien 5 tot 6 dae na planttyd toe, wanneer die grond goed klam en goed voorberei is, en voor onkruidopkoms plaasvind. Swaar reën voor opkoms van die gewas, veral op ligte sandgronde, mag onkruiddoder deur loging in aanraking met die saad laat kom en die gewas beskadig.
(Na-opkoms) Gewas 45 cm hoog	2.5 ℓ	LW: Na 12-blaarstadium van die gewas moet valarms gebruik word. Voorkom dat spuitmengsel in die kelke van die mielies beland. Mielies kan na toediening misvormd en bros word, maar dit is gewoonlik tydelik van aard. Grasse wat alreeds opgekom het, sal nie beheer word nie.
(Na-opkoms)	1.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 1.25 ℓ **Terbo**	Dien toe wanneer die onkruid volledig opgekom het, maar nie ouer as die 6-blaarstadium is nie. Vermy toediening tydens koue, nat toestande en moenie hierdie mengsel saam met blaarvoedingsmiddels toedien nie, aangesien gewasbeskadiging kan voorkom.

TOEDIENINGSTABEL (vervolg)		
GEWAS	**DOSIS PER HA**	**OPMERKINGS**
SUIKERRIET **Plant- en ratoen/oorstaanriet** (Voor opkoms)	6.25 – 8.5 ℓ	Dien toe in 300 tot 400 ℓ water/ha as 'n algehele bespuiting 'n paar dae na aanplanting of oes en voor opkom van die onkruid. Die toedieningshoeveelheid sal afhang van die tydperk waarvoor onkruidbeheer verlang word, asook van die tipe grond. Gebruik die laer dosis vir ligter grondtipes.
(Na-opkoms)	6.25 – 8.75 ℓ	Dien toe in 300 tot 400 ℓ water/ha, terwyl die onkruid nog jonk is. Hierdie behandeling kan die suikerriet beskadig. Om skade te verminder moet verhoed word dat die rietblare raakgespuit word. 'n Gerigte bespuiting is veral noodsaaklik indien die riet 'n hoogte van 40 cm oorskry het, of meer as 5 blare per stingel ontvou het. Andersins kan die groei vertraag word.
	3.5 - 6 ℓ **NUFARM MCPA** plus 2.5 ℓ **NUFARM Diuron** plus 0.2% benattingsmiddel (bv. **Tronic**)	Om 'n wyer reeks breëblaaronkruide en jong grasse, asook *Cyperus esculentus* (geeluintjie) te beheer, dien toe as 'n vroeë na-opkoms bespuiting in 300 tot 400 ℓ water/ha. Gebruik die hoër dosis vir swaar onkruidbesmetting of waar 'n minder vatbare onkruidstadium reeds bereik is. Ouer suikerriet kan beskadig word. Om dit te voorkom, vermy die benatting van die suikerrietblare.
	3.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.5 ℓ **Oxytril** plus 2.5 ℓ **NUFARM Diuron**	Dien gerigte bespuiting tussen die suikerriet-rye toe sodra die onkruid in die volgende groeistadia is: <u>Breëblaaronkruide</u>: Kleiner as 10 cm hoog en voor blomstadium. <u>Grasonkruide</u>: Vanaf die 2- tot 4-blaarstadium en voor polvorming. <u>Geeluintjie</u>: Vroeë blomstadium.
	3.0 ℓ **NUFARM MCPA** plus 0.5 ℓ **Oxytril** plus 4.0 – 5.0 ℓ **Gesapax 500 SC**	

<u>ONKRUIDE WAT DEUR NUFARM MCPA BEHEER WORD</u>:

<u>Voor- en na-opkoms</u>

Ageratum conyzoides	Indringer-Ageratum
Amaranthus deflexus	Meerjarige misbredie
A. hybridus	Gewone misbredie
A. spinosus	Doringmisbredie
A. thunbergi	Rooimisbredie
* *Arctotis leiocarpa*	Gousblom
A. venusta	Witgousblom
Bidens bipinnata	Spaanse knapsekêrel
B. formosa	Kosmos
B. pilosa	Knapsekêrel
Chenopodium album	Withondebossie
Commelina benghalensis	Bengaalse wandelende Jood
Galinsoga parviflora	Knopkruid
Portulaca oleracea	Porslein
Raphanus raphanistrum	Ramenas
Tagetes minuta	Kakiebos
Vicia hirsuta	Kleinperswieke

V. sativa	Breëblaarperswieke

* In vroeë rosetstadium

Slegs voor-opkoms

Brachiaria eruciformis	Litjiesinjaalgras
Eleusine indica	Jongosgras
** *Panicum schinzii*	Soetbuffelsgras
Setaria verticillata	Klitsborselgras
Sorghum verticilliflorum	Gewone wildesorghum

** Vroegontkiemend

Slegs na-opkoms

*** *Datura ferox*	Grootstinkblaar
*** *D. stramonium*	Stinkblaar
**** *Ipomoea coscinosperma*	-
**** *Plantago lanceolata*	Smalweëblaar
Polygonum aviculare	Voëlduisendknoop
Schkuhria pinnata	Kleinkakiebos
Sonchus oleraceus	Sydissel
Striga asiatica	Gewone mielierooiblom
Tribulus terrestris	Dubbeltjie
Xanthium spinosum	Boetebossie
X. strumarium	Kankerroos

*** In 2- tot 3-blaarstadium
**** Slegs Wes-Kaap

NOTA: **NUFARM MCPA** beheer die bogenoemde onkruidspesies alleen, of in tenkmengsels met ander produkte, soos aangedui. Ander onkruidspesies wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middel voorgekom het nie, kan ook moontlik in 'n meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

NUFARM AGRICULTURE (EDMS) BPK ERKEN DIE VOLGENDE:

Produk:	**Handelsmerk van:**
Agral® 90, **Sanawett®**	Dow AgroSciences Suidelike Afrika (Edms) Bpk.
Gesapax®	Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk.
Tronic®	Plaaskem (Edms.) Bpk.

Buctril®, **Bentrol®**, **Brominal®**, **Cossack®**, **Hussar®**, **Oxytril®**, **Terbo®** en **Pardner®** is geregistreerde handelsmerke van Bayer CropScience AG, Duitsland

© NUFARM AGRICULTURE (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.